Elmic Beefmasters lewer topgehalte diere

Deur Izak Hofmeyr

"Ek koop die afgelope 15 jaar elke jaar tussen 30 en 40 Elmic-bulle, want hulle gee my presies wat ek wil hê." Aan die woord is 'n bekende ekstensiewe boer van Standerton, Arrie Eksteen, oor die feit dat hy oor die jare reeds meer as 500 Elmic-bulle gekoop het.

"Ek vind dat Elmic-bulle konstant bly werk en nie noemenswaardig kondisie verloor nie. My koeie raak dragtig en ek hoef nie die bulle te pamperlang nie. En verder kry ek uitstekende prestasie van die kalwers in my voerkraal."

'n Ander interessante feit van Elmic Beefmasters is dat meer as 80% van die kopers wat bulle op die heel eerste Elmic-produksieveiling gekoop het, steeds jaar na jaar terugkom om nog bulle te kom koop.

Die wenresep

Wat doen Elmic Beefmasters reg sodat sy bulle sulke komplimente kry? Volgens Mike Nicolau, wat die stoet sowat 25 jaar gelede saam met sy vrou Elma op die plaas Brakvlei in die Roadside-omgewing naby Vrede in die Vrystaat op die been gebring het, is strukturele korrektheid een van die belangrikste eienskappe waarvoor hy selekteer.

"Wat my betref moet beesboerdery 'n plesier wees, en ek wil hê dat Elmic-bulle tot daardie plesier moet bydra omdat hulle robuust is en lae onderhoud verg."

Al sy diere word op presies dieselfde manier bestuur. "Ek het nie 'beste koeie' nie. Al die koeie wat vir my goeie kalwers speen, is my beste koeie en vanjaar gaan ons 1 200 koeie by die bul sit. Elkeen van daardie koeie het 'n gelyke kans om die volgende top bul te teel.

"Ek het vyf teellyne, naamlik Preview, Spartacus, Atlas, Vrystaat en die Norman Gazzin-lyn, maar ek het nie 'n persoonlike gunstelinglyn nie. My mikpunt is voorspelbaarheid, sodat die bulkoper weet wat hy kry as hy een van my bulle koop, en wat hy kry is 'n bul wat min sorg nodig het, nie geboorteprobleme veroorsaak nie en goeie speengewigte en uitstekende voeromset in die voerkraal gee."

Seleksie

Volgens Mike is die koei/kalf-gewigsverhouding tydens speen veral betekenisvol. Hy verwag dat die speenkalf ten minste 50% van sy moeder se gewig sal weeg. Speengewig op sigself is glad nie so belangrik soos hierdie gewigsverhouding nie, want dit dui op die koeie se goeie moedereienskappe.

"Ná speen is die eerste seleksietoets wat die bulkalwers deurgaan daardie eerste winter, wat hier in Vrede se wêreld besonder straf kan wees met nagtemperature wat tot -15°C daal. Ons neem net waar en maak aantekeninge van die kalwers wat die winter swakker hanteer as hul maats.

"In September begin die amptelike prestasietoetsing. Ek laat gelyktydig twee toetse doen, die veldbultoets, wat deur dr Hannes Dreyer van Veldbul SA vir my bestuur word, en ook die voorgeskrewe Beefmaster Beestelersgenootskap se groeitoets, wat deur SA Stamboek geadministreer word."

Staptoets

Ongeveer 260 bulletjies begin hierdie toetsfase, maar Mike het tydens die toetsperiode 'n ander toets ook ingebou, en dit is sy

'n Groepie dragtige Elmic-verse. Hierdie verse is die toekomstige bulmoeders in die kudde.

In die winter kan die temperatuur tot ver onder -10°C daal. Die winter op sigself dien as prestasietoets in die seleksie van teelbulle.

nou reeds bekende staptoets. Die bulletjies loop op 'n plaas sowat 12km na die kraal waar die skaal is, en hulle moet elke twee weke dié afstand stap om geweeg te word en dan dieselfde dag weer terugstap. Dis tydens hierdie staptog dat die korrels van die kaf geskei word.

"Dit gaan nie daaroor om die bulle fiks te kry nie, maar oor die manier waarop elke bul se strukturele swakhede na vore kom en ook die bul se vermoë om na homself te kyk."

Bulle wat swak beweeg en swak hoewe, bene, lende, skouers of rûe het, sal tydens hierdie staptoets geïdentifiseer word en binne die eerste ses weke hulself uitfaseer. Die bulletjies kan baie vinnig in drie groepe gesien word, die voorste groep wat vinnig stap, dan die grootste middelgroep wat ook doeltreffend stap maar nie noodwendig so vinnig soos die voorste groep nie, en dan die agterosse wat doodgewoon nie kan byhou nie.

"Ons jaag die bulle te perd aan en sorg dat hulle net vinniger moet stap as wat vir hulle gemaklik is. Dan neem ons hulle gedrag tydens die staptog en ook daarna as hulle in die ruskamp aankom, waar. Ons kyk hoe lank dit hulle neem om water te drink, te gaan lê, weer op te staan en te begin vreet.

"Die bulle wat die vinnigste herstel, is uit die aard van die saak die bulle wat die stappery die maklikste hanteer, wat daarop dui dat hulle nie enige noemenswaardige strukturele gebreke het wat later moontlik na vore kan kom en hul rol as teelbulle sal kortwiek nie."

Die staptoetse word deur 'n seleksiepaneel gedoen wat uit homself en sy twee senior veewagters, Petrus Nhlapo en Mokomo Chaka bestaan. Vandat sy voltyds op die plaas is, neem sy dogter Corné ook al hoe meer aan hierdie proses deel.

"Reeds voordat ons die finale uitslae van die prestasietoets gehoor het, het ons al 'n baie goeie aanduiding van watter bulle in die boonste groep van die toets sal wees. Dis vir ons baie duidelik dat die bulle wat kan stap en die beste herstel, dieselfde bulle is wat die beste voeromsetvermoë het en die beste groei gaan toon."

Die bul MDN10-07, uit die Atlas-lyn, word as een van die room op vanjaar se veiling beskou.

Rangorde volgens uitslae

As die prestasietoetse afgesluit word, verwerk dr Dreyer die veldbuldata terwyl die veekundige konsultant, Lynton Vermaak, die Stamboek-gedeelte hanteer en ook die bulle namens die telersgenootskap klas en keur. Met die bulle in 'n rangorde volgens die verskillende toetsuitslae, vra Mike daarna die bekende beeskenner en vriend, Arthur de Villiers, om die bulle ook vir hom in 'n rangorde te plaas.

Die bul MDN 10-85, uit die Norman Gazzin-lyn, wat ook op die veiling beskikbaar sal wees, het baie indrukwekkende syfers.

Met al hierdie inligting tot sy beskikking selekteer Mike dan self die 60 bulle wat op die produksieveiling in Augustus aangebied sal word. Nog sowat 60 tot 70 bulle word ook gehou om van die plaas af verkoop te word.

Die geselekteerde bulle word almal in die volgende dekseisoen (ouderdom twee jaar) in sy eie kudde gebruik voordat hulle in Augustus op die veiling aangebied word.

Uit die koeie in die kudde wat ongeveer agt jaar oud is, word elke jaar 'n span van 25 sogenaamde top "golden oldies" geselekteer wat ook op die veiling aangebied word. Hierdie is koeie wat reeds hulle merk in die kudde gemaak het, en wat Mike aan 'n volgende eienaar beskikbaar stel om met 'n bietjie ekstra sorg ook in sy kudde nog 'n uitstekende kalf of twee te produseer. Hiermee saam bied hy ook 'n groep speenverse en oop verse, wat vir die bul reg is, aan. Hierdie diere kom direk van die veld af en sal dus onmiddellik op 'n nuwe plaas aanpas.

Die 15de jaarlikse Elmic-produksieveiling word op 6 Augustus gehou. Vir meer inligting, skakel Mike Nicolau by 082 789 2803, Corné Nicolau by 076 500 9844 of besoek Elmic Beefmasters se webblad by *www.elmicbeefmasters.co.za.*